NG Kerk Miederpark

Kitsgids

"Maak dissipels vir Christus"

Indeks

Hoofstuk	Bladsy
1. Visie	2
2. Simboliek	3
3. Gemeentesentrum	3
4. Waar skakel ek in?	5
5. Toerustingsgeleenthede	6
6. Bedieninge in die gemeente:	6
6.1 Sending	6
6.2 Media	8
6.3 Kunste	9
6.4 Eiendom	10
6.5 Getuienis	10
6.6 Gebed	11
6.7 Jeug	12
6.8 Barmhartigheid	14
6.9 Senior Burgers	15
6.10 Administrasie & personeel	15
6.11 Finansies	15
6.12 Selgroepe	16
6.13 Ouderling	17
6.14 Diaken	17
6.15 Ondersteuning	18
6.16 Boubediening	18
7. Eredienstye	19
8. Bankbesonderhede	19

Baie welkom in Miederpark. Hierdie is **'n vernuwende gemeente** wat graag 'n verskil in die gemeenskap wil maak. Mag u die liefde van Jesus tussen ons ervaar. Mag u geestelike groei en vreugdevolle dienslewering in God se gemeente beleef. ***Die doel van hierdie kitsgids is slegs om u 'n oorsig te gee van die verskillende bedieningsvelde in die gemeente sodat u kan bepaal waar die Here u wil gebruik.*** As u glad nie weet waar u inpas nie, kan u gerus 'n "ontdek jou plek" kursus bywoon. Dit sal u help met u keuse. Indien die Here iets nuut op u hart gelê het wat nie in die gids vervat is nie, kan u in gesprek tree met u leraars.

Onthou die geheim van 'n gelukkige lidmaat is: "Word betrokke en skakel in!" Ons hoop dat u gou tuis sal voel, en die vrymoedigheid sal neem om in te skakel by een van die bedieninge. Onthou ons het u nodig, God het u nodig en daar is 'n plek vir u! Uiteindelik gaan alles wat ons in hierdie gemeente doen, oor die EER en aanbidding van God. Hy staan in die sentrum van alles wat ons doen.

1. Visie: "Maak dissipels vir Christus"

Die gemeente is gestig in 1983. In 2004 het gemeenteleiers en vrywilligers opnuut hulle voor die Here verootmoedig en in gebed afgesonder om die Here se visie vir die gemeente vas te stel. Uiteindelik was al die leiers oortuig dat die NG Kerk Miederpark die visie "**Maak dissipels vir Christus**", van die Here ontvang het. Hierdie visie wil ons vandag steeds aktief uitleef!

Hierdie visie is die taak waaraan Jesus Christus sy aardse bediening gewy het. Dit is ook die laaste opdrag wat Hy aan die Kerk gegee het (Mt.28:19-20) en dit is ook die taak waarmee die apostels en die eerste gemeente in die boek Handelinge, hulle besig gehou het! 'n Gebrek aan ware dissipels is vandag ongetwyfeld die grootste krisis in die kerk. Dissipels is wedergebore kinders van God, wat verantwoordelikheid neem om die evangelie van Jesus Christus in sy volle omvang na alle mense te neem: ongereddes, onbereiktes, verdruktes, armes, siekes, verslaafdes, elke vorm van menslike nood. Aan elke christen is die groot opdrag tot dissipelmaking gegee. Jesus roep ons op om 'n dienskneggestalte aan te neem en in die markplein 'n verskil te maak deur my praktiese getuienis. Dis lekker om te sien hoe elkeen met sy gawes

'n verskil kan maak. Kom, word deel van die familie van gelowiges en vind vreugde daarin om die Here deur jou unieke gawes te dien.

2. Simboliek

Die betekenis van die gemeente logo:

- **Die kruis:** Die kruis is oorheersend in die simboliek en staan sentraal. In die gemeente gaan dit nie oor ons nie. Alles gaan oor God! Die kruis verwys na die liefde en genade van die *Vader* wat sy enigste seun *Jesus Christus* die Here aan ons opgeoffer het. Dit verwys ook na Jesus wat uit liefde vir ons aan die kruis gesterf het. Sy bloed het eenmalig gevloei vir ons volkome verlossing.
- **Die kleur blou,** dui op die water van lewe wat uit die kruis-evangelie en gemeente voortvloei (vgl. Eseg. 47).
- **Die afwaartse swaard,** verwys na die *Woord* van God wat as tweesnydende swaard ons lewe verryk, maar ook elkeen wat daarmee in aanraking kom vernuwe.
- **Die opwaartse vlam,** verwys na die vlam van die *Heilige Gees* wat in ons harte brand.
- **Die ronde sirkel** aan die kruis simboliseer myself. Elke *lidmaat* wat saam met Christus aan die kruis gesterf het, maar ook saam met Christus opgestaan het en nou vir God alleen lewe.
- **Die kleur groen,** dui op nuwe lewe en groei. Saam groei ons geestelik en bring ons lewe oral in die gemeenskap waar ons beweeg.

3. Gemeente sentrum

3.1 **Kerkkantoor:** (Oop: Maandag tot Vrydag vanaf 8:00 tot 13:00).
Tel. 018-294 8121
Faks. 018-294 3900
Sel. 079 495 1836
Epos: kantoor@ngkmiederpark.co.za
Webwerf: http://www.ngkmiederpark.co.za

3.2 **Sendingkantoor:** (Oop: Maandag tot Vrydag 07:30-12:30)
Tel. 018 294 6900
Faks. 018 294 3900
Sel. 072 237 3946
Epos: sending@ngkmiederpark.co.za

3.3 **Jeugkantoor:**
Tel. 018 293 3229
Faks. 018 294 3900
Sel. 079 692 0461 en 083 262 6783

Epos: jeug@ngkmiederpark.co.za
Jeugwerkers:

3.4 **KruisMedia: (**Oop: Maandag tot Saterdag 9:00-13:00)
Tel. 018-294 8121
Faks. 018-294 3900
Sel. 072 368 8650
Kruis Media is die gemeente se eie boekwinkel en bied goeie boeke en geskenke teen uiters goedkoop pryse. Ons bied ook unieke gemeente produkte bv. klere met die gemeente se logo. Gebruik asseblief hierdie fasiliteit om u en u vriende se geestelike lewe te verryk.

3.5 **Leraars:**

- **Ds. Willem Louw**
  Tel. 018-294 8197 of sel. 082 340 7549
  Adres: Tambotiestr.11
  (Bedien wyke 1-21 en selgroepe met gelyke nommers)
  Verantwoordelik vir die volgende bedieninge: Selgroepe, Getuienis, Sending, Ouderlinge, Kunste, Administrasie, Finansies, Eiendom.
- **Ds. Okkie Cilliers**
  Tel. 018-297 7926 of sel. 083 262 6783
  Adres: Boekenhoutlaan 15
  (Bedien wyke 25-45en selgroepe met ongelyke nommers)
  Verantwoordelik vir die volgende bedieninge:
  Jeug, Gebed, Ondersteuning, Diakens, Bybelskool.
- **Ds. Dorette Cilliers**
  Tel. 018-297 7926 of sel. 074 434 7093
  Adres: Boekenhoutlaat 15
  Verantwoordelik vir: Senior Burgers en Barmhartigheid

3.6 Gemeentebestuur:

- Die huidige voorsitter van die gemeentebestuur is Ansie Haarhoff sel. 082 960 5441

- Die gemeente word bestuur deur ’n gemeentebestuur wat bestaan uit die bestuurders van 16 bedieninge *(sien punt 6 vir kontakbesonderhede),* die leraars, ’n voorsitter, die skriba. Ingeval ’n bedieningsbestuurder nie die vergadering kan bywoon nie, word die persoon deur sy onderleier van die betrokke bediening verteenwoordig.
- Die gemeente is gawe gedrewe. Dit beteken lidmate word betrokke by ’n bediening ooreenkomstig hul gawe. Die bestuurder van daardie bediening verteenwoordig weer die lidmate se belange op die gemeentebestuur.

4. Waar skakel ek in?

- **Nuwe lidmate besoek asseblief die info toonbank in die voorportaal van die kerkgebou. Na elke erediens sal die toonbank beman wees. U sal daar ’n voorgeskrewe vorm ontvang wat u kan invul en by die toonbank laat. ’n Leraar sal u kort daarna besoek en u in die proses begelei.**

- **Selgroepe**
  Die gemeente besef dat selgroepe ’n beskermende ruimte bied vir geestelike groei en die vorming van gelowiges. Hier beleef ons die warme onderlinge liefde en leer ons om ook uit te reik na mekaar. Daarom wil ons u aanmoedig om by ’n **selgroep** in te skakel. Die leraar of selgroepbediening sal u help om die regte sel te vind. Indien dit nie vir u moontlik is om by ’n selgroep in te skakel nie, sal u outomaties deel word van die geografiese **wyk** waarin u bly.

- **Bedieninge**
  Alle lidmate word ook aangemoedig om die gawes van die Gees wat u ontvang het, te gebruik. Om dit vir u maklik te maak is daar **verskillende bedieninge** in die gemeente *(sien punt 6).* Lees die boekie rustig deur en besluit self waar u wil inskakel. Meld u dan self by die betrokke bedieningsleier aan.

5. En as ek voel ek kort nog toerusting ?

- **Daar is ’n groot verskeidenheid toerustings geleenthede in die gemeente.** Hou asseblief die kalender, weeklikse nuusbrief (Iederark),

asook dataskerm dop vir nuwe kursusse. Skakel u leraar of ‘n bedieningsbestuurder en meld u behoefte aan. Ons help graag!

- Indien u graag by ’n bediening wil inskakel en onseker voel oor u kennis en vermoëns, met betrekking tot ’n spesifieke bediening, kan u met gerustheid aanmeld by die betrokke bediening. **Elke bediening verskaf indiensopleiding** en sal u begelei om tuis te voel binne die bediening en ook spesiale geleenthede bied waar u uself verder kan bekwaam.

6. Kies een van die volgende bedieninge!

6.1 SENDINGBEDIENING

Sending kantoor:
Bedieningsbestuurder: Sarel Esterhuizen. Tel. 290 7530 of
Sel. 082 781 7907 of E-pos: sje2@telkomsa.net
Sekretaresse: Thornita van den Belt. Sendingkantoor: (Kantoor oop: Maandag tot Vrydag 07:30-12:30) Tel. 018 294 6900, Faks. 018 294 3900, Sel. 072 237 3946 of E-pos: sending@ngkmiederpark.co.za

Die sendingbediening bied aan elke lidmaat opwindende geleentheid om betrokke te raak by die uitdra van die evangelie. ***U bepaal self die vlak van u betrokkenheid***.

- U kan ’n ***voorbidder*** wees vir ’n spesifieke sendeling.
- U kan ***prakties betrokke*** raak by een van ons sendelinge. Elke sendeling het bv. ’n stuursel wat uit verskillende portefeuljes bestaan! Daar is altyd plek vir nog helpers! Ons het u baie nodig!
- Help organiseer ’n sendingkonferensie of dinee!
- ***U kan ook self die evangelie uitdra***:
- Deur ’n ***plaaslike sendingbediening*** te ondersteun bv. op plase, in ’n hospitaal, of opleiding aan lekewerkers te gee, Jesus-film uitreike, ens. Die werk is maklik en eenvoudig en veilig. Ons sal u help om vertroud te raak met alles.
- Deur deel te neem aan ’n ***korttermyn uitreik*** saam met ’n span na ’n spesifieke sendingveld, bv. Malawi, Botswana en ander gebiede waar ons sendelinge ondersteun! ’n Korttermyn sendinguitreik is ’n lewensveranderende ervaring. Dit is beslis die moeite werd om op ’n uitreik te gaan! Indien u nog nie op ’n sendinguitreik was nie en graag so

’n ervaring wil beleef, kan u net ons sendingkantoor kontak en u naam opgee.

Hoe dra ek by tot die sendingwerk van Miederpark?
Die sendingwerk word geheel en al uit vrywillige bydraes gefinansier. Daar word nie geld uit die kerkkas geneem vir sendingwerk nie. ***Daarom is ons totaal afhanklik van vrywillige bydraes, waarvan die Heilige Gees u oortuig om te gee.*** Daar is twee wyses waarop u kan bydra:

- **Die sendinggeloofsoffer** is die fonds waaruit die gemeente sy plaaslike sendingwerk finansier en ontwikkel, sowel as sendingprojekte waarmee ons die gemeente se sendelinge in die buiteland ondersteun. Om by te dra tot die fonds is eenvoudig: plaas u bydrae in ’n koevert, skryf ”*sendinggeloofsoffer”* daarop, en plaas dit tydens ’n erediens in die kollektebord. U kan ook direk elektronies inbetaal by: **Miederpark sending, ABSA tjekrek. 405 041 9146, Potchefstroom.** Indien u geld vir ‘n spesifieke aksie bedoel is, meld dit as verwysing.
- **Sendelinge:** U kan direk bydra vir die werk van ‘n spesifieke sendeling wat deur die gemeente uitgestuur is. Vra u diaken of selleier om u bydrae so te allokeer dat dit na die sendeling van u keuse gaan, of besoek die kerkkantoor.

Let op die volgende sendingbedieninge waarby u kan inskakel.
Binnelandse Sending:

- Plaas sending
- Plaas Sondagskool
- Hospitaal sending (*Sendeling: Chris en Petro Zaayman*)
- Sending en ekumene raad van Potchefstroom (*SER*)
- Plaaslike uitreike na Tshepisong
- Ondersteuning aan VGK gemeentes in Ikageng
- Anderstalige eredienste (*Tswana/ Sotho*)
- Timoteus opleiding
- Gevangenis bediening *(Nehemia Bybelskool)*
- MMM sendingkonferensie in Potchefstroom
- Gemeentemobilisering (*sendeling: MC en Lezelle Coetzee*)
- Die Dissipel (*maandelikse nuusbrief*)
- Emanuel Tentbediening
- Goeie Nuus sending (*sendeling: Japie & Huegene Venter*)

Buitelandse Sending:

- Jesus-film projek
- Korttermyn uitreike na sendingvelde
- Frans Afrika sending (s*endeling: ds. Dawie & Naomi de Wet*)
- Malawi sending (*sendeling: Pieter Loots*)
- Arabiese sending (*sendeling: Marie*)
- Angola: Freddie de Waal (*sendeling: Freddie & Lesley de Waal*)
- Angola: Jaap & Linda
- Burundi sending (*sendeling: Tim & Jeanette van Aarde*)

6.2 MEDIABEDIENING

Bedieningsbestuurder: Ds. Willem Louw *(waarnemend)* sel. 082 340 7549 of 018 294 8197, of e-pos: willem@ngkmiederpark.co.za
Sekretaresse: Naomi Scheepers tel. 018 293 2771 of 083 682 9575 E-pos: naomischeepers@hotmail.com

Hierdie bediening tree op as die spreekbuis binne en buite die gemeente, en tree innoverend en visionêr op waar moontlik om nie net die beeld van die gemeente te bevorder nie, maar deur die hulpbronne tot ons beskikking, dinamies te gebruik om sodoende die sentrale vissie van die gemeente te bevorder en die dinamika van die kinders van God te illustreer wat binne die gemeente funksioneer.

- **KruisMedia**: Besoek gerus die gemeente se eie boekwinkel, bekend as *KruisMedia***.** Die winkel is elke dag Maandag tot Saterdag vanaf 9:00 tot 13:00 oop. Daar is boeke, musiek CD's, Bybels, geskenke, video's ens. teen uiters billike afslagpryse te koop! (*Ons het ook takke op Fochville en Stilfontein).*
- **Webwerf:** Bly op hoogte deur die gemeente se webwerf te besoek: www.ngkmiederpark.co.za U sal elke week die nuutste preke, en nuus op die webwerf vind
- **Preke op Cd en DVD:** Alle preke word op CD opgeneem. Indien u 'n opname wil bekom, kan u KruisMedia besoek. (terme: kontant met bestelling)

Die volgende Mediabedieninge se logistieke funksionaliteite dra by tot die uitbou, van die beeld van die gemeente en sy visie (*Indien u belangstel om hulp te verleen by enige van ondergenoemde, kan u die bedieningsbestuurder kontak)* :

Mediabedieninge:

- KruisMedia (Boekwinkel)
- Iederark (Weeklikse Nuusbrief)
- Die ramshoring (Kwartaallikse nuusbrief)
- Webwerf (www.ngkmiederpark.co.za)
- Klankbeheer
- Rekenaarbeheer
- Kameraspan
- Ateljee opnames
- Redigering
- Dataprojektor advertensies
- Duplisering
- Grafiese ontwerp
- Plakkaat bemarking
- Gemeente Inligtingbrosjures
- Media berigte
- Data stelsels

6.3 KUNSTEBEDIENING

Bedieningsbestuurder : Petro de Beer Sel. 083 411 9807 of Tel. (018) 291 1652, e-pos: ngjeug@ngk-wtvl.org.za
Sekretaris: Ruan Harris. Tel. 073 7374 256 of e-pos rukapoo.wirnieschmirnie@yahoo.com

Deur hierdie bediening kan enigeen met kuns en musiek talente die Here op unieke en innoverende wyses dien! Musiek en kuns word gekombineer tot ’n kragtige medium waardeur die evangelie uitgedra word. Elkeen wat dus voel dat hul ’n bydrae wil lewer deur, musiek, toeneelspel, lofdans, mimiek, skilder en nog baie meer, is welkom by hierdie besondere bediening. U sal verbaas wees hoe effektief musiek en kunste gebruik kan word om ons hemelse Vader te dien en ook vele ander te bereik!
U hoef nie ’n meester te wees nie, maar net gewillig! Ons sal u oplei. As u nog altyd graag ’n instrument wou bespeel, hier is die geleentheid.

Kunstebedieninge:

- Orrelbegeleiding & instrumente
- Lofprysing
- Toneelbediening
- Orkes
- Lofdansers

6.4 EIENDOMSBEDIENING

Bedieningsbestuurder: Johan de Beer. Tel :291 1652 of Sel: 082 775 7227
Terreinbestuurder: Wessel Brooks Tel.294 8121 of 297 3506 of sel. 072 464 5797 of E-pos: kantoor@ngkmiederpark.co.za

- Indien u enige toerusting, lokaal of gebou wil gebruik, moet u asseblief die terreinbestuurder kontak en dit vooraf bespreek.
- Skakel die sendingkantoor vooraf om voertuie vir gemeentebedieninge te bespreek: 018 294 6900
- Die Eiendomsbediening poog om as 'n span, met die hulpbronne tot hul beskikking die vaste en skuifbare bates van die gemeente, in stand te hou en waar moontlik te verbeter sodat alle bates van die gemeente Miederpark optimaal aangewend kan word om dissipels te maak! Nuwe en toekomstige projekte word ook deur hierdie bediening bestuur en geadministreer in samewerking met die Finansiële bediening en boukomitee.
- Daar is altyd nog vrywilligers nodig om te help met praktiese instandhouding en verbetering. Kontak gerus die bedieningsbestuurder as u met enige van onderstaande bedieninge wil help.

Eiendomsbedieninge:

- Terrein bestuurder / Voorraad register
- Instandhouding : Elektries
- Instandhouding : Sweiswerk
- Instandhouding : Meganies
- Instandhouding : Skrynwerk
- Instandhouding : Bouwerk
- Instandhouding : Nutsman

6.5 GETUIENISBEDIENING

Bedieningsbestuurder : Louwtjie van der Walt. Sel. 082 859 9648, Tel. (018) 297 7742 of E-pos: lvdwalt@nwpg.gov.za
Sekretaresse: Melanie van Wyk. Tel. 018 787 2578 of 018 788 3239 (w) of 082 430 9074 of E-pos: mvwyk@cjhs.za

Wanneer iemand Geesvervuld, vol van die Heilige Gees lewe, kan jy nie anders as om oor te borrel van God se wonderlike genade nie! Daarom wil

ons binne hierdie bediening u weer bewus maak van die volheid van God se Gees wat in u woon!

Die getuienisbediening help mense om:

- Geloofsekerheid te vind.
- Hul Heilige Gees gawes te ontdek en te gebruik.
- In die volheid van die Gees te wandel (*oorwinningslewe te leef*).
- 'n Kragtige vars getuie vir God te wees. Ons wil u graag help om met groot gemak en vrymoedigheid van Jesus Christus te getuig. "*Om te getuig is doodgewoon 'n praktiese leefstyl van sensitief wees vir God en om daagliks beskikbaar te wees vir Sy gebruik*." Word saam met ons blymoedige dissipelmakers vir Christus!

Getuienisbedieninge:

- Vroue Bybelstudie groepe (*weekliks*)
- Manne Bybelstudie (*weekliks*)
- Voel tuis! (*nuwe lidmaat verwelkoming*)
- EE3 (*evangelisasie kursus*)
- Ontdek Jou Plek Kursusse (*ontdek jou gawes en bedieningsplek)*
- Soteria Kursus (Verlossing) (*Hoe om iemand na Christus te lei)*
- Konferensies
- Sprekers (*beplan en reël inspirerende sprekers*)
- Mannekampe
- Vrouekampe
- Pinksterreeks (*jaarliks*)
- Gesinskampe

6.6 GEBEDSBEDIENING

Bedieningsbestuurder: Erna Dahms tel 079 395 7069 en 018 297 1646
Sekretaris : Okkie Cilliers. Sel: 083 262 6783 of. 018 297 7936 of E-pos: okkie@ngkmiederpark.co.za

- **Gebedsketting.**
  Dis in die vorm van 'n sms ketting. Die selnommer waardeur die sms'e gestuur word, is 082 460 5272. Die versoek word dan deurgestuur na die voorbidders.

- **Dae van gebed.**

Een dag per maand word opsy gesit vir ‘n dag van gebed en dan word daar rondom ‘n tema gebid. Dit is in die vorm van ‘n gebedsketting.

- **24/7 Gebedsweke**
  Daar word drie keer per jaar ‘n 24/7 gebedsweek gereël.
- **Gebedswandelinge**
  Daar word op ‘n spesifieke plek vir spesifieke mense/dinge gebid word.
- **Gebedseminare**
  Vier seminare word in die jaar aangebied.
- Daar is ook gebedspanne vir die leraars en georganiseerde gebedsondersteuning word vir die sendelinge gegee
- **Mannegebedsbyeenkoms**
  Dit word gehou in die konsistorie op Saterdae 06h30 in die somer en 07h00 in die winter.
- **Voorbidding tydens eredienste**
  Die verskillende selgroepe neem verantwoordelikheid om tydens die oggenddienste voorbidding vir die diens te doen. Dit vind in die toring plaas.
- Die gemeente is ook betrokke by “Transformations se Global Day of Prayer en Jerigo Mure se projekte”.
- Die kinders in die gemeente word by al die gebedsprojekte betrek.

6.7 JEUGBEDIENING

Bedieningsbestuurder: Okkie Cilliers. Sel. 083 262 6783 of tel.018 297 7926 (k) of faks. 018 294 3900 of E-pos: okkie@ngkmiederpark.co.za
Sekretaresse: Naomi Scheepers sel 083 682 9575 of jeug@ngkmiederpark.co.za

JUNIOR JEUG (VOORSKOOL TOT GRAAD 6)

- **Die bediening op ‘n Sondag**
  Dit word elke skoolgaande Sondagoggend aangebied dieselfde tyd as die oggenddiens. Dit is in die vorm van ‘n erediens. Tydens nagmaal is daar steeds ’n byeenkoms.
  Die materiaal wat gebruik word is *Modkats*. Die kinderdiens begin 09h15 met *praise and worship*. Daarna verdeel die kinders in die graadgroepe. Daar word ook gereelde familiedienste in die kerk gehou.
- **Dissipelskap- kursusse en reekse**
  Daar word 5 sulke reekse in die jaar aangebied. Die tema van die reekse is om die kinders Christelike waardes te leer. Graad 1-3 kom op Maandae en graad 4-6 kom Dinsdae 17h00 bymekaar.
- **Kampe**

Vier graadgroep kampe word per jaar aangebied: twee vir grade 1-3 en twee vir grade 4-6.

- **Uitreike**
  Elke graad gaan op een uitreik in die eerste helfte van die jaar. Dit vind Sondagoggende plaas. Dit word gedoen by plaaslike hospitale, ouetehuise, op plase waar Sondagskool gehou word en by ‘n plek vir hawelose mense.

SENIOR JEUG (GRAAD 7-11)

- **Aanbiddingsdienste**
  Dit word op skoolgaande Sondagaande gehou en is deel van die formele program met die tieners. Dit begin 17h00. Dit is ’n erediens vir tieners en die klem val op *praise en worship*. Daarna verdeel die tieners in die verskillende graadgroepe. Die belydenisklas loop oor twee jaar en begin reeds in graad 10.
  Geleenthede word gereel waar die tieners die eredienste in die kerk saam met die gemeente bywoon.

- **Selgroepe**
  Gedurende die skoolkwartale is daar in die week selgroepe wat bymekaar kom.
- **Kampe en uitreike**
  Die twee belydenisklasse gaan aan die begin van die jaar op ‘n kamp en graad 7 gaan ook op ‘n kamp. Alle graadgroepe gaan verder op plaaslike uitreike waar die Jesus film gewys word. Ons wil die kinders leer om lewende dissipels en getuies vir Jesus te wees. Die graad 11 groep gaan tydens die Julie vakansie op ’n uitreik na Botswana.
- **Diensbaarheid**
  Klem word gelê op diensbaarheid in die gemeente. Elke kind vanaf graad 10 raak betrokke by ‘n spesifieke bediening in die gemeente.
- **Matrix en studente**
  Dit is vir matrieks en studente wat nie by die PUK inskakel nie. Dit word gehou skoolgaande Sondae aande na die aanddiens.
- **’n Huisgodsdiensrooster** word elke week in die skoolkwartale beskikbaar gestel. Dit word ook per e-pos uitgestuur.
- Daar is beradingsfasiliteite vir ouers en kinders beskikbaar.
- Al die kinders word deur die leraar en die jeugleiers besoek
- Die kinders word ook deur *mixit* bedien.
- Daar is ‘n lofdansgroep wat die kinders bedien.
- Al die jeugleiers ontvang voortdurend toerusting vir die werk wat gedoen word.

6.8 BARMHARTIGHEIDSBEDIENING

Bedieningsbestuurder: ds. Dorette Cilliers. Sel: 083 289 4243 Tel. 018 297 7926 of E-pos: okkie@ngkmiederpark.co.za

Sekretaresse: Vakant

Die barmhartigheidsbediening sien om na die fisies, emosioneel en geestelike welsyn van lidmate van die gemeente, sowel as enkele nie-lidmate. Die bediening funksioneer in die gemeenskap vir die gemeenskap, en reik uit na hulle. Die noodbank voorsien waar nodig, ook voedsel, klere en finansiële hulp. Ons het ’n deernis vir enigiemand wat in nood verkeer. Ons reik uit na mense, maak nie saak waar u uself bevind nie! In die Hospitaal, huis of by ’n skuiling. Jesus se warm barmhartigheids-liefde is ons inspirasie en daarom is ons trots om in Sy voetspore met liefde te volg.

- Die barmhartigheidsbediening samel sy eie fondse in. U kan direk bydra tot die noodbankfonds deur ’n finansiële bydrae aan u diaken/ selleier te gee en te oormerk vir die noodbank.
- U kan ook enige voedsel, klerasie of meubels skenk. Alles sal noukeurig bestuur word. Daar is ook ’n houer in die voorportaal van die kerk beskikbaar waarin u blikkieskos en nie bederfbare items kan plaas.

Barmhartigheidsbedieninge:

- Kinderhuis (Huis Bet-el): *bedien en versorg kinderhuis kinders. Daar word ook weekliks vir die kinders huisgodsdiens gehou. Die gemeente raak ook betrokke by die “gap projek” waar kinders wat die kinderhuis verlaat het, ‘n kans gegee word om verder te studeer en vir hulself te sorg.*
- Noodbank: *hulpverlening aan behoeftige persone*
- *Elke persoon wat dié bediening help, word waar moontlik, tuis besoek en ook met die evangelie van Jesus se redding bedien.*

6.9 SENIOR BURGERS

(Die bediening aan ons gemeente se senior burgers is vir ons van die allergrootste belang. Ds. Dorette Cilliers bedien die lidmate wat 65-jaar en ouer is. Sy doen huisbesoek by hulle en dek die volle bediening aan hierdie kosbare mense in ons gemeente.)

6.10 ADMINISTRASIE / PERSONEEL BEDIENING

Bedieningsbestuurder: Chris vd Walt sel. 083 6278142 tel tuis 0182974758. epos: chrisnette@mweb.co.za. Faks 0865827560
Sekretaresse: Arinda Reyneke. **(**Kantoor ure: Ma-Vr 8:00-13:00) 018 294 8121 of 079 495 1836 of E-pos: kantoor@ngkmiederpark.co.za
Ons strewe is om deur gladde administrasie en effektiewe personeelbestuur 'n werksomgewing te skep waar elkeen werksbevrediging kan ervaar en presies weet wat van hul verwag word. Gelukkige Christen personeel dra nie alleen by tot die maak van dissipels nie, maar illustreer ook hoe dissipels onderling leef en saamwerk.
Werksaamhede van hierdie bediening sluit in:

Administrasie en personeelbedieninge:

- Prosessering van lidmaatdata (invordering en verwerking)
- Administrasie van die gemeentebestuur
- Amptelike gemeente korrespondensie
- Koördinering van alle gemeente-bedieningsprosesse
- Administrasie van spesiale projekte
- Dienskontrakte
- Personeel-administrasie
- Hantering van verlofreëlings en aflospersoneel.
- Hantering van dispute en griewe

6.11 FINANSIëLEBEDIENING

Bedieningsbestuurder: Johan Grobler. Tel: 018 297 1891 of 018 293 8707of Sel: 082 451 2817 E-pos: johangr@absa.co.za
Sekretaresse: Arinda Reyneke. **(**Kantoor ure: Ma-Vr 8:00-13:00) 018 294 8121 of 079 495 1836 of E-pos: kantoor@ngkmiederpark.co.za

Die bediening werk mee aan die sentrale visie van die gemeente "*Maak dissipels vir Christus"*
Ons poog om as 'n span, die finansiële administrasie van die gemeente so effektief as moontlik te bestuur sodat alle bedieninge wat uit die kerkkas

finansier word, fondse tot hul beskikking het om die sentrale visie van die gemeente meer effektief binne hul bediening uit te voer.

Finansiëlebedieninge:

- Begrotingsbestuur
- Basaarbediening
- Dankofferfees
- Toerusting
- Kontrole maandelikse kollektering
- Kontrole onafhanklike fondse

6.12 SELGROEPBEDIENING

Bedieningsbestuurder: Alta Pothas. Tel: (018) 294 3276 of Sel: 083 295 1192 of e-pos: mwpothas@mweb.co.za
Sekretaresse: Naomi Scheepers Tel. 018 293 2771 of 083 682 9575 E-pos: naomischeepers@hotmail.com

Binne hierdie bediening kom die gelowiges weekliks in selgroepies byeen op ’n dag en uur wat hulle pas. Boonop skakel u in by mense van u eie ouderdom, waar u sommer tuis voel! Die strewe is dat die meerderheid lidmate uiteindelik by selgroepe sal inskakel!

Wat doen ons binne die selgroepe? Hier ervaar ons weekliks die warmte en liefde van medegelowiges. Ons leer prakties wat dit is om te gee, lief te hê en uit te reik na mekaar. Ons leer ook binne hierdie omgee-ruimte om kosbare Bybelse waardes in ons lewens toe te pas. Ons wil hierdie wonderlike liefde nie net vir onsself hou nie. Ons wil nie net ’n warm-broeigroepie wees nie, maar moedig mekaar aan om ook na ander uit te reik en mekaar in liefde te dien! Die selgroepe word die oefenruimte waar ons die Bybel beter verstaan, waar ons dit begin waag om met mekaar oor Christus te praat en uiteindelik getuies vir Christus in die wêreld word. Hier in die liefdevolle sorg van medegelowiges kan nuwelinge hulle tuis maak en geleidelik saam-saam geestelik groei! Ons het begrip vir nuwe lede wat onseker voel, want ons het almal so begin! Hier leer ons om dissipels vir Christus te wees.

Die selbediening word deeglik gestruktureer in:

- Selleiers en onderleiers: (*Fasiliteer die selgroep*).
- Voogleiers: (*Tree as voogde op van ‘n groepie selleiers*).
- ‘n Leraar: (*verantwoordelik vir die opleiding van nuwe selleiers. Kursusse word gereeld aangebied*).

- Normaalklasse: (*Selleiers ontvang uitgewerkte bybelstudie-materiaal en woon elke Sondagoggend gedurende skoolkwartale 'n normaalklas by*).
- Familiefees: (*Gemeentelede en sellede van alle selle kom drie keer per jaar byeen om saam te kuier en fees te vier*).
- Selkonferensie of naweekkamp: (*'n Jaarlikse geleentheid om selleiers en sellede te inspireer en toe te rus*).

6.13 OUDERLINGBEDIENING

Bedieningsbestuurder: Johannes van Rooyen Sel. 082 786 8193 of E-pos: johannes.vanrooyen@nwu.ac.za
Sekretaresse: Susan Humpel. Tel. 018 297 8372 of E-pos: humpel@absamail.co.za

Doel van hierdie bediening: Om die lidmate wat in wyke ingedeel is geestelik te begelei en toe te rus tot dissipels van Christus. Elke lidmaat kry blootstelling aan 'n gesprek rondom geloofsekerheid. Hierdie lidmate word ook in liefde bedien en begelei om betrokke te raak in die gemeente deur hul gawes in diens van die Here aan te wend binne die gemeente

Hierdie bediening organiseer die ouderlinge in 'n span saam. Elke ouderling bedien 'n groepie lidmate binne 'n bepaalde geografiese area (wyk). Dit is hul taak om hierdie lidmate geestelik te begelei en ook elke kwartaal te besoek. Uitgewerkte Bybelstudiemateriaal word tydens die besoeke bespreek.

- Ouderlinge kuier kwartaalliks by lidmate in hul wyk en hou 'n informele Bybelstudie.
- Ouderlinge ontvang kwartaalliks toerusting vir hul bediening asook Bybelstudie materiaal.
- Blokleierouderlinge tree as voogde op oor ouderlinge in blokwyke.
- Ouderlinge gee verslag van hul werk en vergader kwartaalliks as bediening.

6.14 DIAKENBEDIENING

Bedieningsbestuurder: Francois Lubbe. Tel. 018 297 1554 of 072 337 9267
Sekretaresse: Naomi Nel. Tel. 018 297 6317 of 073 290 9725

Hierdie bediening bind die diakens in ’n span saam. Die diakens het elkeen ’n groepie lidmate, in ’n spesifieke geografiese area (wyk), wat aan hul sorg toevertrou is.
Indien u graag by hierdie bediening betrokke wil raak kan u die bedieningsbestuurder kontak.

- Diakens leef die liefde van die Here Jesus prakties uit deur fisiese ondersteuning te bied waar nodig.
- Diakens samel ook die dankoffers op ’n maandelikse basis in.
- Diakens ontvang ook gereeld toerusting.
- Diakens gee verslag van hul werk en vergader kwartaalliks as bediening.

6.15 ONDERSTEUNINGSBEDIENING

Bedieningsbestuurder: Rain Hattingh. Sel.072 245 8066
Leraar by die bediening betrokke: Ds. Okkie Cilliers 083 262 6783

- Die bediening se doel is om mense wat swaar trek in die gemeente by te staan. Hierdie bediening wil mense toerus en bemagtig deur kursusse en ander materiaal om hulself te help. Uiteraard word daar ook by individuele mense betrokke geraak! Daar is ‘n span professionele beskikbaar om mense te help as dit nodig sou wees. Die diens is gratis. Die bediening is ook in die wyer gemeenskap betrokke. Lidmate is welkom om die leraar van hul keuse te kontak indien hulp en ondersteuning benodig word.

6.16 BOUBEDIENING

Voorsitter: Johan Grobler. Tel: 018 297 1891 of 018 293 8707of Sel: 082 451 2817 E-pos: johangr@absa.co.za
Sekretaresse: Petro de Beer. Tel. 018 297 7401 of 083 411 9807 of faks:018 297 7402 E-pos: ngjeug@ngk-wtvl.org.za

Hierdie bediening is verantwoordelik vir visionêre en missionêre terrein-ontwikkeling asook die ontwikkeling en oprig van doelmatige infrastruktuur wat die gemeentevisie op kort en langtermyn volhoubaar kan ondersteun. Lidmate met gawes op die terrein van argitektuur/ tekenaars, bou-aannemers, kosteberekenaars, ingenieurs, ontwikkelaars, en finansiering is welkom om hul aan te meld by hierdie bediening.

Die gemeente is tans in ’n fase waar bouplanne reeds gefinaliseer is vir verdere ontwikkeling van infrastruktuur

7. EREDIENSTYE

Daar is drie eredienste op ’n Sondag. U is welkom by enige diens

- *Oggenddiens*
  Die diens begin om 09:15 reg deur die jaar.
- *Kontemporêre aanddiens*
  Die diens begin om 18:00. Begeleiding vind met behulp van ’n orkes plaas. Drag is informeel.
- *Anderstalige middagdiens*
  Die diens begin om 12:00 reg deur die jaar. Dit is hoofsaaklik vir Tswana sprekendes. Dit het ’n informele karakter.

8. BANKBESONDERHEDE

8.1 Indien u ’n bydrae vir die gemeentewerk wil gee, kan u dit inbetaal by:

NG Kerk Miederpark, tjekrek. 680 590 591, ABSA, Potchefstroom

- Indien u elektronies inbetaal, gebruik asb. u sel of wyk nommer, gevolg deur u van, as verwysingsnommer.
- Die diaken of kollektant sal maandeliks by u wyk kollekteer en ’n kwitansie uitskryf
- U bring u bydrae self na die selgroep waar die selleier ’n kwitansie uitskryf.

8.2 Indien u ’n bydrae vir die sendinggeloofsoffer wil gee, word dit inbetaal by:

Miederpark sending, ABSA tjekrek. 405 041 9146, Potchefstroom

- Indien u elektronies inbetaal, gebruik asb. u sel of wyk nommer, gevolg deur u van, as verwysingsnommer.
- U kan ook u bydrae in die kollektebord plaas en die koevert duidelik merk: Sendinggeloofsoffer.
- U kan ook u bydrae vir die diaken of selleier gee en vra dat hulle dit sal merk op die kwitansie as sendinggeloofsoffer

8.3 Indien u ’n bydrae vir die gemeente se boufonds wil gee, word dit inbetaal by:

Miederpark Boufonds, ABSA, tjekrek. 406 286, 2927, Potchefstroom

- Indien u elektronies inbetaal, gebruik asb. u sel of wyk nommer, gevolg deur u van, as verwysingsnommer.

- U kan ook u bydrae vir die diaken, kollektant of selleier gee en vra dat hulle dit sal merk op die kwitansie as boufonds bydrae.